



Ons almal kan nie wag dat die skool nou moet begin nie.

Dink net aan al die lekker gesels tye en speletjies wat jy met jou maats kan speel! Maar nou moet jy eers wag en wag en wag. Soms wil ek sommer skree. Het jy al so gevoel? In die Bybel lees ons van 'n paar kere wat God se kinders moes wag. Jesus het voor sy Hemelvaart vir sy dissipels die opdrag gegee om in Jerusalem te wag totdat hulle God se krag ontvang. Hulle het nie geweet wat of wie God se krag was nie. Die dissipels moes net wag. Vir 10 dae lank. Onthou Jesus het opgevaar hemel toe en hulle was nou weer alleen. Dink net hoe moes die dissipels gevoel het. Moes jy ook al 'n keer wag sonder om te weet waarvoor jy wag of vir hoe lank jy moet wag?

Wel, die wag was die moeite werd, want na 10 dae het die kinders iets baie, baie besonders ontvang..... Die Heilige Gees van God.


Die Heilige Gees van God is ons Helper en leer ons **hoe** ons as kinders van God moet optree in elke situasie. Lees in Galasiërs 5:22 wat die vrug van die Gees is. Een van die vrugte van die Gees wat ons nou in gendelyd baie nodig het is GEDULD.



Geduld is om met die regte "Attitude" te wag vir die regte tyd – sonder om te kla. Dis die vermoë om aan te hou en uit te hou – selfs onder moeilike omstandighede – met 'n positiewe verwagting dat dinge gaan uitwerk en beter word.

Die regte tyd is God se tyd.

Die goeie nuus is dat ons kan oefen om meer geduldig te wees. Soos 'n atleet wat oefen vir 'n wedloop. Bv. jy is dalk ongeduldig met jou boetie of sussie omdat hulle eerste hulle TV-program kyk en jy moet wag vir jou beurt of jy moet wag vir jou ouers om klaar te praat voordat jy iets kan vertel. Soms raak jy ongeskik met jou oumas en oupas wat stadig voor jou loop. As jou maatjie 'n beurt het op die rekenaarspeletjie en jy nie kan wag dat hulle moet verloor sodat jy weer 'n kans kan kry nie.



Hier is 'n paar maniere om jou te help om geduld in te oefen:

1. Lees en bid daagliks, want dan het jy 'n verhouding met Jesus en is jy nie skaam as jy foute maak nie.
2. Haal asem. Luister na Jesus liedjies en sing saam. So leer jy om Jesus te loof.
3. Terwyl jy wag, dink aan 'n paar dinge waarvoor jy dankbaar is. 'n Mens kan nie ongeduldig en dankbaar wees op dieselfde tyd nie.
4. Indien jy ongeduldig was vertel dit dadelik vir Jesus. Vra vir Jesus en die ander persoon vergifnis al is dit hoe moeilik. Begin net!
5. Plant 'n plantjie en versorg die plantjie.
6. Soos jy 'n spier oefen en beter word elke dag so gaan jy gou beter word.



Onthou: God is geduldig met jou. Wees geduldig met ander.



Liedjies om na te luister:

Patience song:

<https://www.youtube.com/watch?v=b5mbIz98q1E>

Groente en vrugte liedjie -

<https://www.youtube.com/watch?v=WfWdBtoqmLo>




1 Minute raai

1. Gebruik jou horlosie of selffoon se stophorlosie om presies 1 minuut te kan aftel.
2. Kinders mag nie enige vorm van tyd naby hul hê nie.
3. Kinders moet nou raai wanneer 1 minuut om is. As hul dink 1 minuut is verby moet hul opstaan.
4. Die een wat opgestaan het die naaste aan 1 minuut is die wenner.

Gesels dan oor die volgende:

1. Vir wie het hierdie minuut baie lank gevoel?
2. Wie voel nou nog bietjie op hul senuwees?
3. Wat het jou laat besluit om op te staan?
4. Wat was die moeilikste deel van die speletjie?
5. Watter positiewe kompliment kan jy vir die wenner gee?



Gevriesde LEGO

Vries vooraf sonder dat die kinders sien 'n hele paar van die kinders se lego in 'n bak water (genoeg Lego-blokkies om iets met die lego te bou).

Hierdie kan morsig raak. Speel dit dus buite.

Gee vir die kinders die blok ys waarin die LEGO blokkies en mannetjie gevries is. Die kinders moet die ys gesmelt kry om die blokkies en die mannetjies te kan gebruik.

Die kinders mag NIE die ys onder enige omstandighede gooi of onder water sit om dit te laat smelt nie, so hulle moet kreatief raak. Wanneer die ys gesmelt is moet hulle die blokkies gebruik en 'n vervoermiddel bou wat 'n LEGO mannetjie kan vat, op die grond kan ry, vlieg of onder water beweeg. Gee vir hulle 'n tydsbeperking na gelang van hulle ouderdom om die uitdaging te bou.

Gesels ná die tyd oor die volgende vrae:

1. Hoe moeilik was dit om die ys gesmelt te kry?
2. Was julle met tye gefrustreerd gewees?
3. Was daar 'n tyd toe julle net die ys op die grond wou stukkend gooi om by die LEGO uit te kom?
4. Watter vrug van die Heilige Gees het julle nodig gehad om hierdie uitdaging te kon klaarmaak?



Inkleur van 'n Verkeers Robot met slegs een kleurkryt kleur per gesin.

Benodighede: wit papier vir elk, 1 x rooi, 1 x groen, 1 x oranje en 1 x swart kleurkryt.

Elkeen van die gesin ontvang 'n wit papier en moet 'n verkeers robot daarop teken en inkleur.

Almal in die gesin moet die kleurkryte deel. Stel 'n stophorlosie na gelang van die ouderdom van die deelnemers.

Gesels oor die volgende vrae:

1. Dink aan iets positief wat jy oor iemand se robot kan sê.
2. Nadat julle die prente klaar geteken het gesels oor iets waarvoor julle as gesin dankbaar is.



Geduld en selfbeheersing gaan hand aan hand. Onthou: God het ons nie 'n Gees van vrees gegee nie, maar 'n Gees van liefde, krag en selfbeheersing. 2 Timoteus 1:7